Uitkomste-verklarings	Verminder gestremdheid en sterftes weens MIV deur universele toegang tot MIV-sifting, -diagnose, -sorg en -behandeling.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Sewe-en-sewentig goedgekeurde gemeenskap projekte geïmplementeer. • Die voorsiening van teenretrovirale terapie en middelvolhoudingsteun. • Uitbreidings aan die Luvuyo-kliniekgebou.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoog die getal mense wat teenretrovirale behandeling ontvang. • Versterk die gemeenskap gebaseerde reaksie tot die MIV-epidemie deur die ontwikkeling en implementering van steunprojekte binne gespesifiseerde fokusgebiede. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. • Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.
Besonderhede vervat in implementeringsplan/ besigheidsplan	<p>Die volgende doelwitte word deur die Wêreldfonds se Aaneenlopende-verlengingskanaal (AVK) fase 1 befonds:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die versterking en uitbreiding van die voorsiening van teenretrovirale behandeling by ses sentrums. • Die versterking van gemeenskap gebaseerde reaksie tot die MIV-epidemie deur die ontwikkeling en implementering van plaaslike steun projekte binne gespesifiseerde areas. <p>Die algehele bestuur en koördinerings word onderneem deur die Wêreldfonds-programbestuurder, wat ondersteun word deur die Wêreldfonds se Assistent Direkteur vir Portuuronderrig, en die Assistent Direkteur, die Senior Administratiewe Beampte en die Senior Administratiewe Klerk vir Finansies. Die Wêreldfonds-programbestuurder lewer verslag aan die Provinsiale Direkteur vir MIV en VIGS, SOI en TB (MVST).</p>
Voorwaardes	Betalings word gemaak ooreenkomstig artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet 61 of 2003) op 'n subsidiegrondslag, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999), Nasionale Tesourieregulasie 8.4, die Provinsiale Tesourie-instruksies en Finansiële Instruksie G20/2005, ingevolge waarvan eise en ge-ouditeerde state voorsien moet word. Munisipaliteite administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet 56 van 2003).

WÊRELDFONDS	
Toewysingskriteria	Toekennings word gebaseer op: <ul style="list-style-type: none"> • Die omgewing waarin dienste gelewer moet word. • Armoede status. • MIV-voorkoms koerse. • Die dienste ooreenkoms raamwerk.
Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf	'n Skenking om die Wes-Kaap se omvattende MIV/VIGS-program te versterk en uit te brei, is deur die Wêreldfonds aan Wes-Kaapse Regering Gesondheid toegeken, ingevolge 'n toekenning ooreenkoms aanvanklik onderteken in 2004 en vervolgens in 2006 verleng, en weer in 2010. 'n Gedeelte van daardie skenking moet oorgedra word aan geïdentifiseerde munisipaliteite wat verantwoordelik is vir die implementering van die Gemeenskap gebaseerde reaksie doelwit van die Wêreldfonds-toekenningsooreenkoms en aan die Stad Kaapstad-munisipaliteit vir die voorsiening van dienste vir teenretrovirale behandeling by munisipale klinieke in die Khayelitsha-subdistrik.
Vorige prestasie	2013/14: R34.840 miljoen 2014/15: R38.245 miljoen 2015/16: R33.108 miljoen Die Stad Kaapstad het deurlopend alle gestelde mikpunte bereik vir Gemeenskap gebaseerde Reaksie (GGR) en infrastruktuur projekte.
Geprojekteerde tydsduur	Voortdurend ingevolge die huidige ooreenkoms met die Stad Kaapstad.
MTUR-toewysings	2016/17: R3.908 miljoen Befondsing vir die MTUR-periode word voortgesit hangende die prestasie-evaluasie van die huidige fase.
Betalingskedule	Die voorwaarde vir betaling is die maandelikse indiening van eise nadat die diens gelewer is.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeamppte en ontvangsbeamppte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dienste ooreenkoms. • Monitering en evaluasie. • Samestelling van risiko-profiel. • Kontrakbestuur deur distriksvlak- GGR- en MVST-koördineerders. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • Implementering van die dienste ooreenkoms. • Monitering en evaluasie van eie aktiwiteite.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysing	Nie van toepassing

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
A	Metro		Stad Kaapstad	3 908
TOTAAL				3 908

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Die skep van volhoubare menslike nedersettings wat 'n verbeterde lewenskwaliteit in huishoudings moontlik maak.
Doel van toekenning	Om befondsing daar te stel vir die skep van volhoubare menslike nedersettings.
Uitkomste-verklarings	Die fasilitering en voorsiening van basiese infrastruktuur, topstrukture en basiese maatskaplike en ekonomiese geriewe wat tot die skep van volhoubare menslike nedersettings bydra.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële intervensies en maatreëls wat toegang tot menslike nedersetting ontwikkeling en die eiendomsmark verbeter. • Aantal informele nedersetting huishoudings opgegradeer. • Aantal maatskaplike en huurbehuising eenhede ontwikkel. • Hektaar toepaslik geleë grond en eiendom aangeskaf en ontwikkel. • Aantal Landelike Behuisingseenhede ontwikkel. • Aantal gedienste persele ontwikkel en voorsien.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<p>Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewenskwaliteit van huishoudings.</p> <p>Provinsiale Strategiese Doelwit 4 (PSD 4): Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing.</p>
Besonderhede vervat in implementeringsplan/ besigheidsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkoms aanwysers. • Uitsette. • Sleutelaktiwiteite. • Monitering en Verslaggewing.
Voorwaardes	<p>Fondse vir hierdie toekenning sal slegs vrygestel word met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontvangs van 'n goedgekeurde munisipale of provinsiale besigheidsplan ondersteun deur 'n projektelys per behuisingsprogram wat die gereedheid van projekte vir implementering aandui, insluitende verslag oor kontantvloei projekies en nakoming sertifikate. • Munisipaliteite moet 'n diensleweringooreenkoms met die Departement aangaan betreffende hul dienslewering doelwitte. • Toewysings aan munisipaliteite sal slegs vir projekte wat in die implementeringsfase is, of nuwe projekte wat oorgehaal is vir implementering, afgekondig word. • Betalings aan munisipaliteite sal afhang van hul prestasie soos per verslae ingedien en geëvalueer op die Behuisingssubsidie stelsel (BSS) vir projek en program administrasie. • Wes-Kaapse Provinsiale Regering mag, indien 'n bewese behoefte bestaan, tot 5 persent (5%) van die provinsiale toekenning vir die Bedryfskapitaal Begrotingsprogram (OPSCAP) gebruik om die implementering van die goedgekeurde nasionale en provinsiale behuising, en geakkrediteerde munisipale programme en prioriteite te ondersteun.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
	<ul style="list-style-type: none"> • Die Minister van Menslike Nedersettings mag 'n projek as 'n prioriteitsprojek identifiseer en goedkeur by verklaring deur die Staaatpresident, Kabinet, die Minister en/of Menslike Nedersettings MinMec. • 'n Nasionale prioriteitsprojek sal aan een of meer van die volgende voorwaardes voldoen: <ul style="list-style-type: none"> – Die projek bevorder 'n nasionale ontwikkelingsbelang insluitend die uitwissing van armoede, gelykheid, volhoubare ontwikkeling en/of waardigheid van gemeenskappe en landsburgers; – Die projek bevorder die teikens en uitsette soos in Uitkoms 8 vervat; – Die projek bevorder 'n goeie nasionale praktyk in menslike nedersetting ontwikkeling; en – Die goedkeuring van die projek sal lei tot die verligting van 'n noodgeval en/of lewensgevaarlike situasie. • Alle nuwe projekte moet deel vorm van die Prestasie- en Leweringsooreenkomste wat in terme van Uitkoms 8, PSD 4, Provinsiale multi-jaar Behuisingsplanne, Nasionale, Provinsiale en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerke en Menslike Nedersetting Sektorplanne geteken is en nakoming van die Behuisingskode en gereedheidskriteria vir implementering; • Provinsies moet geskikte begrotingstoewysings aan die Nasionale Opgraderings Ondersteuningsprogram maak om kapasiteit te verbeter om informele nedersetting huishoudings op te gradeer; en • Die teikens per provinsie en geakkrediteerde munisipaliteite moet konsekvent met die uitsette en teikens wees soos vervat in die Leweringsooreenkomste tussen die Minister, LUR'e en, waar toepaslik, met Burgemeesters. • Die Departement behou die reg om direk fondse oor te dra of betaal derde partye indien die munisipaliteit onderpresteer of bestuur kwessies het. • Die Departement behou hom die reg voor om, in oorleg met munisipaliteite, fondse vanaf nie-presterende projekte na presterende projekte te verskuif, insluitend die toewysing van fondse aan ander munisipaliteite. 'n Nuwe toekenningsbrief, medeonderteken deur die Provinsiale Tesourie, sal munisipaliteite toelaat om met die verkrygingsproses aanvang te neem, terwyl promulgering sal volg ooreenkomstig die begrotingsproses.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie is 'n toekenning aan begunstigdes/huishoudings en nie munisipaliteite nie. Die allokasie is indikatief om munisipaliteite by te staan, as agente van die Departement, in beplanning. • Die toekennings aan munisipaliteite sal slegs geskied indien hul besigheidsplanne tot Uitkoms 8 en PSD 4 sal bydra. • Fondse sal toegeken word gebaseer op die gereedheid van projekte soos vervat in die besigheidsplanne.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf	'n Voorwaardelike toekenning stel die nasionale departement in staat om effektiewe oorsig te voorsien, nakoming van die behuisingskode te verseker en gedeeltes van die toelaag direk aan geakkrediteerde munisipaliteite te verseker.
Vorige prestasie	Werklike uitgawes volgens jaarverslag: 2013/14: R1.959 biljoen 2014/15: R1.935 biljoen 2015/16: R1.975 biljoen
Geprojekteerde tydsduur	Dit is 'n langtermyn toekenning waarvan die presiese lewensydperk nie bepaal kan word nie aangesien die Regering 'n verpligting het om minderbevoorregtes met die voorsiening van menslike nedersettings by te staan.
MTUR toewysings	2016/17: R2.001 biljoen 2017/18: R2.461 biljoen 2018/19: R2.620 biljoen
Betalingskedule	<p>Paaieimente aan die Stad Kaapstad sal geskied ooreenkomstig met die goedgekeurde betalingskedule. Die finale gedeeltelike van die betaling sal gebaseer word op werklike lewering gemeet teenoor vorige betalings en inaggenome betalings deur die Departement namens die Stad Kaapstad.</p> <p>Soos gestipuleer in kontrakte met munisipaliteite, goedgekeurde besigheidsplanne en/of volgens die gedeeltelike betalingsbeleid.</p> <p>Die Departement sal die kontrakteurs direk vanaf die verskeie munisipale toewysings betaal indien die munisipaliteit nie voldoen aan die vereistes van artikel 38(1)(j) van die OFBW.</p> <p>Die Menslike Nedersettingontwikkelingstoekenning is in die meeste gevalle van BTW vrygestel. In gevalle waar dit nie vrygestel is nie, moet alle BTW wat van SARS teruggeëis word, teen die projekte toegewys word en mag nie as eie inkomste aangewend word nie.</p>
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kondig die indikatiewe begrotingtoewysings vir munisipaliteite in die staatskoerant af en bring dit aan in die betaling skedules reëlings/ooreenkomste. Hierdie toekenning is 'n oordrag aan huishoudings en nie as oordragte aan munisipaliteite nie. • Ondersteun geakkrediteerde munisipaliteite met die uitvoering van hulle funksies soos gedelegeer ooreenkomstig die Akkreditasie Raamwerk. • Moniteer die provinsiale en munisipale prestasie met betrekking tot die toekenning, finansiële en nie-finansiële, en beheerstelsels verwant aan die menslike nedersettings voorwaardelike toekenning. • Bied ondersteuning aan munisipaliteite in terme van menslike nedersetting lewering soos benodig mag word. • Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite soos benodig.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
	<ul style="list-style-type: none"> • Fasiliteer gereelde strategiese interaksies tussen nasionale en provinsiale departemente van menslike nedersettings en geakkrediteerde munisipaliteite. • Dien 'n 2015/16 jaarverslag by die nasionale departement in, voor of op 30 September 2016. • Aanwend van die Behuising Subsidie Stelsel (BSS) vir die administrasie van alle menslike nedersetting prosesse. • Verseker die effektiewe en doeltreffende aanwending van die Behuising Subsidie Stelsel op munisipale vlak. • Nakoming van die verantwoordelikhede van die ontvangende beampte soos uiteengesit in die jaarlikse Verdeling van Inkomste Wet (DoRA). • Nakoming met die terme en voorwaardes van die nasionale prestasie ooreenkomste, asook provinsiale en plaaslike lewering-ooreenkomste. • Voorsiening van kwartaalverslae met betrekking tot fondse geallokeer en aangewend op programme en projekte ten opsigte van OPSCAP. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste. • Stad Kaapstad moet maandeliks verslae voorsien oor fondse geallokeer en aangewend op programme en projekte. • Ander munisipaliteite moet eise en vorderingsverslae indien ten einde fondse te bekom. • Voorsien die departement met verslae ten opsigte van werklike vordering. • Indien van besigheidsplanne in lyn met PSD 4 en Nasionale Uitkoms 8. • Alle voorsienings prosesse moet voldoen aan die voorskrifte ingevolge die MFBW (MFMA). Alle kontrakteurs moet by die NHBR en CIBD geregistreer wees. • Verlening van toegang van provinsiale en nasionale beamptes tot alle finansiële rekords met betrekking tot die toekenning. • Moet oor effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse beskik. • Munisipaliteite moet verseker dat kontrakteurs binne dertig dae na sertifisering van fakture betaal word.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysings	<p>Die eerste konsep provinsiale besigheidsplanne moet teen 15 Oktober 2016 by die provinsiale departement ingedien te word.</p> <p>Dien finale munisipale besigheidsplanne, projeklyste insluitende kontantvloeï voorspellings, en nakomingsertifikaat teen 15 Januarie 2017 by die provinsiale departement in.</p> <p>Departement dien goedgekeurde 2017/18 provinsiale plan teen 15 Februarie 2017 by die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings in.</p>

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC1	WC012	Cederberg	3 700
B	DC2	WC022	Witzenberg	(10 000)
B	DC2	WC023	Drakenstein	(15 000)
B	DC2	WC025	Breedevallei	6 300
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	(10 000)
B	DC4	WC041	Kannaland	19 000
B	DC5	WC051	Laingsburg	500
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	8 000
TOTAAL TOEGEWYS				2 500
Fondse deur die Departement weerhou <small>Nota</small>				(2 500)
TOTAAL				

Nota Fondse deur die Departement weerhou	Menslike Nedersettingsontwikkelings-toekenning (Begunstigdes)
	Munisipale Finansiële Jaar
	2016/17 Toekenning R'000
Departementele prioriteits projekte (Allokeer R2.5 miljoen aan munisipaliteite en R17.209 aan OPSCAP)	(19 709)
OPSCAP - die totale hersiende OPSCAP bedrag vir 2016/17 is R100.041 miljoen wat die herallokeerde bedrag van R17.209 miljoen insluit vanaf departementele prioriteitsprojekte. Dit sluit ook die volgende oorspronklike OPSCAP bedrae in wat gepubliseer was in Staatskoerant nr. 7576:	17 209
<ul style="list-style-type: none"> • R71.332 miljoen (OPSCAP bedrag onder Menslike nedersettingsontwikkelingstoekenning- (Begunstigdes)) • R10.000 miljoen (OPSCAP bedrag onder Munisipale Akkreditering ondersteuning toekenning) • R1.500 miljoen (OPSCAP bedrag onder Menslike nedersettings bestandfonds) 	
Totaal	(2 500)

PROVINSIALE BYDRAE OM BEHUISINGSELEWERING TE VERSNEL	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Die skep van volhoubare menslike nedersettings wat 'n verbeterde lewenskwaliteit in huishoudings moontlik maak.
Doel van toekenning	Om behuising te befonds by munisipaliteite wat bewys het dat hulle oor die kapasiteit beskik om te beplan en vinnig huise te lewer, met die klem op plattelandse gebiede.
Uitkomsteverklarings	Verbetering van die kwaliteit van menslike nedersettings deur projekte te befonds wat disfunksionaliteite binne hierdie nedersettings sal aanspreek
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Opgegradeerde infrastruktuur in agtergeblewe gebiede en die aantal werksgeleenthede verskaf; • Die aantal huidige herbeplan en herontwikkelde agtergeblewe gebiede en informele nedersettings opgegradeer; en • Voltooiende planne van gebiede wat sosiale, ras en funksionele integrasie bevorder.
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewenskwaliteit van huishoudings. Provinsiale Strategiese Doelwit 4 (PSD 4): Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing.
Besonderhede vervat in implementeringsplan/ besigheidsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkoms aanwysers • Uitsette • Sleutelaktiwiteite Monitering en Verslagdoening.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale behuisingsdepartemente en geakkrediteerde plaaslike owerhede moet omvattende verslae oor individuele projekte aan Provinsiale Tesourie, soos gespesifiseer in die moniteringsriglyne, voorlê teen die 15^{de} van elke maand. • Moet deel wees van die ooreenkoms tussen die Provinsiale regering en die munisipaliteite. • Enige Belasting op toegevoegde Waarde (BTW) geeis deur die munisipaliteit moet teen die projek gekrediteer word. • Die Departement behou hom die reg voor om, in oorleg met munisipaliteite, fondse vanaf nie-presterende projekte na presterende projekte te verskuif, insluitend die toewysing van fondse aan ander munisipaliteite. 'n Nuwe toekenningsbrief, medeonderteken deur die Provinsiale Tesourie, sal munisipaliteite toelaat om met die verkrygingsproses aanvang te neem, terwyl promulgering sal volg ooreenkomstig die begrotingsproses.
Toewysingskriteria	Gebaseer op besigheidsplanne ingedien by die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings asook vorige prestasies.
Rede waarom nie in ekwivalentsaandeel ingelyf	Fondse word bewillig in terme van provinsiale eie finansiering.

PROVINSIALE BYDRAE OM BEHUISINGSLEWERING TE VERSNEL	
Vorige prestasie	2013/14: R52.100 miljoen 2014/15: R15.500 miljoen 2015/16: R19.149 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	Hierdie projekte is noodsaaklik om volhoubare menslike nedersettings te verseker. Ander befondsing vir die projekte is ingesluit in die Geïntegreerde Behuising en Behuisings-vestigingsontwikkelingstoekenning vir die toekomstige jare.
MTUR toewysings	2016/17: R20.173 miljoen
Betalingskedule	Sal afhang van die indiening van goedgekeurde besigheidsplanne. Die Departement sal die kontrakteurs direk vanaf die verskeie munisipale toewysings betaal indien die munisipaliteit nie voldoen aan die vereistes van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kondig die begrotingstoekenning vir munisipaliteite in die Staatskoerant af en bring dit in die betalingskedules reëlings/ooreenkomste aan. • Monitor munisipale prestasie op die toekenning, finansiële, nie-finansiële en beheerstelsels verwant aan die toekenning. • Voorsien ondersteuning aan munisipaliteite met betrekking tot menslike nedersetting lewering, soos benodig. • Onderneem gestruktueerde en ander besoeke aan munisipaliteite. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste. • Alle voorsieningsprosesse moet ooreenkomstig die MFBW (MFMA) en ander Staatsvoorskrifte geskied. • Toegang te verleen aan provinsiale en nasionale beamptes tot die finansiële rekords met betrekking tot die toekenning. • Effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse moet in plek wees. • Munisipaliteite moet verseker dat kontrakteurs binne dertig dae na sertifisering van fakture betaal word.
Proses vir goedkeuring van 2017/18 besigheidsplanne	Besigheidsplanne moet deur die Toekenningadvieskomitee geëvalueer en aanbeveel word vir goedkeuring deur die Provinsiale Minister, indien fondse beskikbaar is in 2017/18.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
A	Metro		Stad Kaapstad	1 642
B	DC1	WC012	Cederberg	13 315
B	DC4	WC043	Mosselbaai	3 400
B	DC5	WC052	Prins Albert	916
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	900
TOTAAL Nota				20 173

Nota TOTAAL	Provinsiale bydrae om behuisingslewering te versnel
	Munisipaliteit Boekjaar
	2016/17 Toekenning R'000
Die oordragte word vanaf die 2015/16 behoud van inkomste geallokeer.	20 173

GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE	
Oordraggewende provinsiale departement	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Begrotingspos 9)
Strategiese doelwit	Om die algemene publiek te bemagtig ten opsigte van omgewingsbestuur, deur bevordering van bewusmaking. Om bewustheid te bevorder oor omgewingswetgewing en omgewingsvriendelike praktyke ten einde voldoening aan die wetgewing en praktyke te verseker.
Doel van toekenning	Om programme te implementeer en te bevorder om met belanghebbendes te skakel en om gemeenskappe te bemagtig om in samewerking met die regering, omgewings en sosio-ekonomiese programme te implementeer.
Uitkomsteverklarings	Fasiliteer vergroeningsprogram inisiatiewe en bevorder volhoubare ontwikkeling binne munisipaliteite.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Omsendskrywe aan munisipaliteite waarin die reëls van die kompetisie bekend gemaak word. • Evaluering van munisipaliteite wat deelneem aan die Groenste Munisipaliteit kompetisie. • Prystoekenning seremonie waar die wenners aangekondig word. • Verbeterde omgewings bestuur deur munisipaliteite. • Vergroening van munisipaliteite.
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 10: Omgewing bates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm word en voortdurend verbeter. • Provinsiale Strategiese Doelwit 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Die kompetisie kriteria sluit in evaluering van munisipaliteite op 'n verskeidenheid temas soos afvalbestuur, klimaatsverandering reaksie en bewaring, biodiversiteit, kusbestuur, waterbestuur, lugkwaliteitsbestuur, leierskap, nakoming institusionele reëlins en publieke deelname.
Voorwaardes	Nakoming van vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999), artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en ander voorwaardes soos bepaal deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
Toewysingskriteria	Prystoekennings is gebaseer op die kompetisie reëls en kategorieë.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Wenners word tydens die prystoekenning seremonie aangekondig later in die jaar.
Vorige prestasie	2013/14: R500 000; 2014/15: R500 000; 2015/16: R500 000.
Geprojekteerde tydsduur	Jaarlikse gebeurtenis.
MTUR-toewysings	2016/17: R500 000; 2017/18: R500 000; 2018/19: R500 000.
Betalingskedere	Betaling sal afhang van die indiening van goedgekeurde sakeplan/ getekende ooreenkoms.

GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE	
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goedkeuring van die bestuursplan van die munisipaliteit. • Monitering en ondersteuning aan die munisipaliteite. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Fondse aangewend in ooreenstemming met die goedgekeurde bestuursplan. • Die Munisipale Rekenpligtige Beampte moet aansoek doen by Provinsiale Tesourie om enige onbestede voorwaardelike oordrag soos op 30 Junie, oor te dra.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysing	Toewysings soos per kompetisie toekenning en die daaropvolgende voorlegging en goedkeuring van bestuursplan.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC1	WC015	Swartland	70
C	DC1	DC1	Weskus	50
B	DC3	WC032	Overstrand	50
C	DC3	DC3	Overberg	70
B	DC4	WC042	Hessequa	130
C	DC4	DC4	Eden	130
TOTAAL TOEGEWYS <small>Nota</small>				500

<small>Nota</small> TOTAAL TOEGEWYS	Groenste Munisipaliteit Kompetisie
	2016/17 Toekenning R'000
Die doel van hierdie uitgawe is om die bedrag te allokkeer wat gepubliseer was in Staatskoerant nr. 7576, gedateer 3 Maart 2016 en is dus nie addisionele befondsing nie.	500

STREEKS SOSIO-EKONOMIESE PROJEK/VOORKOMING VAN GEWELD DEUR STEDELIKE OPGRADERING (SSEP/VGSO) - MUNISIPALE PROJEKTE	
Oordraggewende provinsiale departement	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Begrotingspos 9)
Strategiese doelwit	Om totale gemeenskaps-benadering te implementeer en sosiale en stedelike toestande op te gradeer en om veiligheid te verbeter.
Doel van toekenning	Om programme te implementeer, te ondersteun, skakel met belanghebbendes en om gemeenskappe in staat te stel om saam met die regering te werk om ekonomiese en stedelike opgradering te bewerkstellig.
Uitkomst-verklarings	Fasiliteer die implementering van SSEP/VGSO projekte in munisipaliteite.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Projekte soos goedgekeur deur gemeenskap en belanghebbendes. • Projekte moet voldoen aan seleksie kriteria.
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 10: Omgewing bates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm word en voortdurend verbeter. • Provinsiale Doelwit 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan • Provinsiale Doelwit 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Doelwit 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.
Besonderhede vervat in implementeringsplan	<p>A tipe projekte: Stedelike opgradering</p> <p>Projekte wat die SSEP/VGSO doelwitte reflekteer naamlik: pro-arm; gemeenskaps gesentreerd, menslike skaal, innoverend, inspirerend, funksioneel en sigbare stedelike opgradering. Die hele buurt of sub-area moet voordeel trek. Ten minste 50 persent van munisipale projekte moet in hierdie kategorie val.</p> <p>B tipe projekte: Sosiale Projekte</p> <p>Projekte wat fokus op aktiwiteite, programme of fasiliteite vir spesifieke groepe of om sosiale doelwitte binne gemeenskappe aan te spreek, byvoorbeeld vroeë kinder stadium ontwikkeling, jeug, opvoeding, opleiding, self-verbetering, veiligheid, ontspanning, gesondheid, omgewingsnethed, ekonomiese ontwikkeling, met voordele op buurt skaal.</p>
Voorwaardes	<p>Nakoming van vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999), artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en ander voorwaardes soos bepaal deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.</p> <p>Munisipaliteit moet deel van SSEP/VGSO Program wees en moet bydra deur middel van mede-befondsing.</p>

STREEKS SOSIO-EKONOMIESE PROJEK/VOORKOMING VAN GEWELD DEUR STEDELIKE OPGRADERING (SSEP/VGSO) - MUNISIPALE PROJEKTE	
Toewysingskriteria	<p>Alle projekte moet die SSEP/VGSO tema versterk en bevorder en potensiele voorbeelde/loodse/beste praktyk vir ander dorpe en munisipaliteite ondersteun.</p> <p>Alle projekte moet 'n waarde vir geld ' met 'n hoë impak relatief tot die koste weerspieël.</p> <p>Alle projekte moet ondersteun word deur die inwoners; soos verwoord deur toepaslike gemeenskap strukture.</p> <p>Ten minste 80 persent van die projekte moet werklike implementering of konstruksie behels; dit wil sê uitsluitend beplanning en ontwerp.</p>
Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf	Die bedrae is onderhewig aan die implementering gereedheid.
Vorige prestasie	2015/16: R8.650 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	2015/16 tot 2019/20
MTUR-toewysings	2016/17: R26.500 miljoen; 2017/18: R9.850 miljoen; 2018/19: R11.500 miljoen;
Betalingskedere	Betaling sal afhang van die indiening van die goedgekeurde besigheidsplan/getekende ooreenkoms.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goedkeuring van die besigheidsplan van die munisipaliteit. • Monitering en ondersteuning aan die munisipaliteite. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Fondse moet in ooreenstemming met die goedgekeurde besigheidsplan aangewend word. • Die Munisipale Rekenpligtige Beampte moet aansoek doen by Provinsiale Tesourie om enige onbestede voorwaardelike oordrag soos op 30 Junie, oor te dra.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysing	Toewysing soos per voorlegging en goedkeuring van die projekformaat, die nakoming van die projek seleksie kriteria en die goedkeuring deur Begrotingspos 9 rekenpligtige beampte.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	1 500
B	DC2	WC025	Breedevallei	1 500
TOTAAL				3 000

WATER VIR VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING	
Oordraggewende provinsiale departement	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Begrotingspos 9)
Strategiese doelwit	Om die bestuur en behoud van ekologiese en landboukundige hulpbronne te verbeter.
Doel van toekenning	Om die hergebruik van behandelde afvalwater te bevorder en sodoende die watersekuriteit risiko aan te spreek.
Uitkomste-verklarings	Verhoogde watersekuriteit
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> Lewensvatbaarheidstudie oor die hergebruik van behandelde afvalwater in Drakenstein Munisipaliteit. Bepaling van die veranderlikes/parameters vir die hergebruik van behandelde afvalwater vir ander munisipaliteite.
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> Nasionale Uitkoms 10: Omgewing bates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm word en voortdurend verbeter. Provinsiale Strategiese Doelwit 4: Bevorder 'n sterk, volhoubare, gehalte en inklusiewe lewens omgewing.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Die omvang van die volhoubaarheidstudie vir die hergebruik van behandelde afvalwater sal uitgebrei word om aspekte van sosiale en ekonomiese bevoordeling in te sluit.
Voorwaardes	Nakoming van vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999), artikel 71 (1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en ander voorwaardes soos bepaal deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
Toewysingskriteria	Huidige studie deur Drakenstein Munisipaliteit komplementeer die Bergrivier Verbeterings Plan se ekonomiese studie oor die hergebruik van behandelde afvalwater.
Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf	Addisionele befondsing is beskikbaar gestel deur Provinsiale Tesourie tydens die aansuiweringsbegroting.
Vorige prestasie	Nie van toepassing.
Geprojekteerde tydsduur	6 maande
MTUR-toewysings	2016/17: R500 000
Betalingskedule	Betaling sal afhang van die indiening van goedgekeurde projek-omvang/ getekende ooreenkoms.

WATER VIR VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING	
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goedkeuring van die projek-omvang van die munisipaliteit. • Monitering en ondersteuning aan die munisipaliteit. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • Fondse aangewend in ooreenstemming met die goedgekeurde projek-omvang. • Die Munisipale Rekenpligtige Beampte moet aansoek doen by Provinsiale Tesourie om enige onbestede voorwaardelike oordrag soos op 30 Junie, oor te dra.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysing	Nie van toepassing.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC2	WC023	Drakenstein	500
TOTAAL				500

FINANSIËLE BYSTAND AAN MUNISIPALITEITE VIR DIE INSTANDHOUDING EN KONSTRUKSIE VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR	
Oordraggewende provinsiale departement	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
Strategiese doelwit	Optimale bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.
Doel van toekenning	Om munisipaliteite finansiëel by te staan met die onderhoud/konstruksie van geproklameerde munisipale hoofpaaie waar die munisipaliteit die Padowerheid is (Artikel 50 van Ordonnansie 19 van 1976).
Uitkomste-verklaring	Veilige en instandgehoude munisipale padnetwerk.
Uitsette	Projekte: 24 onderhoud, 3 herseël en 4 opgraderings.
Prioriteit uitkomste(s) van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 4: Ordentlike werk deur inklusiewe groei. • Provinsiale Strategiese Doelwit 1: Skep geleenthede vir groei en werkskepping. • Provinsiale Strategiese Doelwit 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoen aan kwaliteit- en ingenieurswese standaarde. • Memorandum van Ooreenkoms met Munisipaliteit. • Tydige implementering van projekte in verhouding tot die verdeling van die koste.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoen aan artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. • Voldoen aan artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003. • Projektkoste mag nie goedgekeurde begroting oorskry nie. • Munisipaliteit moet voorsiening maak vir 20 persent of relevante ooreengekome mede-befondsing van die projektkoste. • Munisipaliteit moet die projek goedkeur. • Sluit prestasie-ooreenkomste (finansiëel en nie-finansiëel). • Kwartaalike nie-finansiële prestasie verslagdoening. • Maandelikse finansiële prestasie verslagdoening. • Binne-jaar moniteringsverslagdoening. • Jaarlikse interne en eksterne ouditering. • Distrikpadingenieur (DPI) moniteer en inspekteer projekte wat in die proses van voltooiing is. Na voltooiing word die voorgeskrewe eisvorms gesertifiseer voordat dit aan Hoofkantoor gestuur word vir betaling. • Kontraktuele variasie bestellings wat 'n impak op die subsidie het wat betaal moet word, moet deur die Distrikpadingenieur (DPI) gemonitor word om nakoming met die Memorandums van Ooreenkoms te verseker. • Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikaat.

FINANSIËLE BYSTAND AAN MUNISIPALITEITE VIR DIE INSTANDHOUDING EN KONSTRUKSIE VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR	
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Toewysings word gebaseer op uitsette van die Plaveisel Bestuurstelsel wat geprioritiseer word. • Oorweging van Munisipale Geïntegreerde Vervoerplanne as insette in besluitneming.
Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf	Subsidie
Vorige prestasie	<ul style="list-style-type: none"> • 2013/14: R45.751 miljoen • 2014/15: R27.840 miljoen • 2015/16: R30.880 miljoen
Geprojekteerde tydperk	Jaarlikse hersiening.
MTUR-toewysings	2016/17: R46.576 miljoen; 2017/18: R80.050 miljoen; 2018/19: R40.500 miljoen.
Betalingskedere	Tweede, derde en vierde kwartaal.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsgewende beampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bewerkstellig oordragbetalings. • Voldoen aan ooreenkomste. • Voldoen aan subsidie bestuursraamwerk. • Voldoen aan departementele standaarde. • Goedkeuring of verwerping van kontraktuele variasie bestellings. • Evalueer verslae. • Uitvoer van terreinbesoeke. • Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikate. <p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voldoening aan departementele standaarde. • Voldoen aan ooreenkomste. • Indien van vereiste verslae. • Indien van variasie aansoeke. • Voorsiening van geouditeerde finansiële state. • Verskaf Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikate.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysings	Aansoeke van munisipaliteite ontvang vir die bou, herseël en roetine-instandhouding, word beoordeel ingevolge die Plaveisel Bestuurstelsel en begrotingsbeporinge met munisipaliteite se Geïntegreerde Vervoer Planne wat as insette gebruik word in die finale toewysings.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC2	WC023	Drakenstein	1 263
TOTAAL				1 263

GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOER NETWERK – BEDRYF EN INFRASTRUKTUUR	
Oordraggewende provinsiale departement	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
Strategiese doelwit	Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.
Doel van toekening	<ul style="list-style-type: none"> • Om George Munisipaliteit in staat te stel om 'n openbare vervoerdiens te implementeer soos beoog is in die George Geïntegreerde Openbare Vervoer Netwerk (GGOVN). • Om infrastruktuur vir openbare vervoerdienste wat deur die George Munisipaliteit gelewer word te bevorder. • Om die tekort in bedryfskoste te befonds. • Om voorsiening te maak vir addisionele bedryfsondersteuning wat die gevolge van beduidende verswakte bedryfsvoorwaardes en vergrote transformasie verpligtinge onderskryf.
Uitkomste-verklaring	Voorsiening van openbare vervoerdienste wat doeltreffend, toeganklik, gerieflik, veilig, betroubaar en bekostigbaar is en wat gelewer word deur kontrakte met openbare vervoer-operateurs en ondersteunende diensverskaffers.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Roete opgradering: opgegradeerde padnetwerk infrastruktuur (sypaadjie) op die roete netwerk. • Bushaltes: insluitende oorstapstasies, termini, stedelike en landelike haltes. • Skuilings en gepaardgaande nie-gemotoriseerde vervoerbedekte skuilings en sypaadjies na die bushaltes. • Depot en Tussen-Stedelike Bus terminus (IUBT): afgeleë depot in Hoekwil wat die kilometers verminder van die voertuie wat in die Wildernis-gebied gaan werk en die IUBT, wat die sentrale wisselaar van die GGOVN is. • Kaart en mikro skyfie tegnologie wat voldoen aan 'n outomatiese tarief insamelingstelsel. • Kiosks wat 'n verspreidingsnetwerk daarstel vir kaartjie verkope.
Prioriteitsuitkomste(s) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 6: 'n Doeltreffende, mededingende en reagerende ekonomiese infrastruktuur netwerk. • Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewens. • Provinsiale Strategiese Doelwit 1: Skep geleenthede vir groei en werk. • Provinsiale Strategiese Doelwit 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.

GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOER NETWERK – BEDRYF EN INFRASTRUKTUUR	
Besonderhede vervat in implementeringsplan/ besighedsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Om effektiewe implementering van die GGOVN te verseker en die uiteindelijke oordrag van verantwoordelikheid na George Munisipaliteit te fasiliteer, het die Departement van Vervoer en Openbare Werke en die George Munisipaliteit 'n inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms gesluit ingevolge artikel 12 van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009. • Ooreenkomstig die bepalings van die inter-regeringsooreenkoms het George Munisipaliteit en die Departement van Vervoer en Openbare Werke ooreengekom om gesamentlik sekere funksies te verrig wat nodig is om die effektiewe implementering van die GGOVN te verseker. • Hierdie funksies word vergesel deur bedryfs- en finansiële verantwoordelikhede wat vervat is in die finansiële ooreenkoms. Die volgende is die belangrikste: Finansiële verantwoordelikheid vir GGOVN bedryfskontrakte, Infrastruktuur, GGOVN Eenheidskantoor en bedryfs- en personeeluitgawes. • Ingevolge die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms, dra die Departement van Vervoer en Openbare Werke alle finansiële verantwoordelikheid vir alle kontrakte gesluit onder die GGOVN vir die tydperk van die eerste bedryfskontrak (12 jaar).
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Implementering van 'n openbare vervoerdiens in ooreenstemming met die tersaaklike bepalings van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009. • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003. • Nakoming van die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms aangegaan met die Provinsie. • 'n Funksionele gesamentlike bestuurstruktuur tussen die Provinsiale Regering en George Munisipaliteit soos uiteengesit in die inter-regeringsooreenkoms. • Jaarvergadering soos gestipuleer in die inter-regeringsooreenkoms. • Kwartaallikse vorderings verslagdoening. • Departementele jaarlikse interne en eksterne ouditering. • Binne-jaar moniteringsverslagdoening (finansiële en nie-finansiële).
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Openbare vervoer is 'n gesamentlike nasionale en provinsiale funksie, met die verantwoordelikheid op die provinsiale regerings geplaas om munisipaliteite te ondersteun, ingevolge artikel 9(2)(c) van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009. • Die GGOVN is 'n projek om geïntegreerde openbare vervoer voor te stel in 'n nie-metropolitaanse gebied. George is geïdentifiseer as die vinnigste groeiende stad in die Provinsie en daar is besluit om die projek in George te inisieer. Die befondsing is op 'n operasionele model gebaseer wat nodig is om die openbare vervoerstelsel te implementeer.
Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf	Bystand in terme van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009.

GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOER NETWERK – BEDRYF EN INFRASTRUKTUUR	
Vorige prestasie	Werklike uitgawes volgens jaarverslag: <ul style="list-style-type: none"> • 2013/14: R21 miljoen • 2014/15: R25 miljoen • 2015/16: R129.230 miljoen
Geprojekteer tydsduur	12 jaar uitgesluit beplanning en implementering.
MTUR-toewysings	2016/17: R150.544 miljoen; 2017/18: R95.544 miljoen; 2018/19: R101.086 miljoen.
Betalingskediule	Eenmalig - derde kwartaal 2016.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsgewende beampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun die George Munisipaliteit met die implementering en bestuur van die GGOVN volgens die rolle en verantwoordelikhede uiteengesit in die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms. • Monitor die implementering van die infrastruktuur program en operateur kontrak in ooreenstemming met die inter-regeringsooreenkoms. • Verseker administrasie, beheer en verslagdoening oor die GGOVN infrastruktuur program soos gestipuleer in die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms. • Verslagdoening oor die oordragsbetaling in ooreenstemming met hierdie raamwerk en die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms. • Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, artikel 38(1)(j) sertifikaat. • Maandelikse GGOVN bestuurskomitee vergaderings met die Munisipaliteit. • Terreinbesoeke. • Jaarlikse interne en eksterne ouditering. <p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verseker administrasie, beheer en verslagdoening oor die GGOVN infrastruktuur program soos gestipuleer in die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms. • Verseker die bestuur van die GGOVN infrastruktuur program, insluitende die betaling van die kontrakteurs, in ooreenstemming met die bepalings van die inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms. • Voorsiening van geouditeerde finansiële state. • Verskaf Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikaat.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysings	GGOVN Besigheidsplan moet jaarliks bygewerk, voorgelê en goedgekeur word by die jaarlikse vergadering soos gestipuleer in die inter-regeringsooreenkoms.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC4	WC044	George	70 000
TOTAAL				70 000

FINANSIËLE BYSTAND AAN MUNISIPALITEITE VIR DIE INSTANDHOUDING EN KONSTRUKSIE VAN NIE-GEMOTORISEERDE VERVOERINFRASTRUKTUUR	
Oordraggewende provinsiale departement	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
Strategiese doelwit	Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.
Doel van toekenning	Om in die Stellenbosch Munisipaliteit distrik nie-gemotoriseerde vervoer (NGV) infrastruktuur te voorsien as deel van die Provinsiale Volhoubare Vervoer Program (voorheen Provinsiale Openbare Vervoer Institusionele Raamwerk).
Uitkomste-verklaring	Openbare vervoer infrastruktuur wat die vestiging van geïntegreerde vervoer binne die Stellenbosch munisipale konteks ondersteun en in lyn is met die Stellenbosch Munisipaliteit Omvattende Geïntegreerde Vervoerplan.
Uitsette	<p>Stellenbosch Dorp:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nuwe gedeelde NGV fasiliteit langs die R44 vanaf Dorpstraat tot Doornbosch Pad. • 'n Skakel tussen Kayamandi en Cloetesville om veilige kruising van R304, spoorlyn en Plankenburg Rivier te voorsien. Die aanvangsfase sal slegs op kruisings gemik wees. • Die voltooiing en verbeterings aan NGV fasiliteit op Maraisstraat. <p>Klapmuts:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opgradering van verskeie informele paaie wat publieke ruimtes oorkruis na voetganger en/of fiets fasiliteite soos toepaslik.
Prioriteit uitkomste(s) van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 6: 'n Doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuurnetwerk. • Provinsiale Strategiese Doelwit 4: Bevorder van 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.
Besonderhede vervat in implementeringsplan/ besigheidsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van gehalte en ingenieurswese standaarde. • Memorandum van Verstandhouding met Munisipaliteit. • Tydige implementering van projekte binne die deel van die koste verhoudings. • Implementering teen die einde van die Munisipale Finansiële Jaar (Junie 2017). • Maandelikse Bestuurskomitee vergaderings. • Maandelikse finansiële/projek prestasieverslae.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003. • Projek mag nie goedgekeurde begroting oorskry nie. • Munisipaliteit moet voorsiening maak vir 20 persent of relevante ooreengekome mede-befondsing van koste. • Goedkeuring van projekte deur die Stellenbosch Munisipaliteit. • Sluiting van afgehandelde prestasie-ooreenkomste (finansiël en nie-finansiël).

FINANSIËLE BYSTAND AAN MUNISIPALITEITE VIR DIE INSTANDHOUDING EN KONSTRUKSIE VAN NIE-GEMOTORISEERDE VERVOERINFRASTRUKTUUR	
	<ul style="list-style-type: none"> • Maandeliks prestasie verslagdoening.(finansiële en nie-finansiële) • Maandelikse finansiële prestasie verslagdoening. • Waar vereis, sal Distrikpadingenieurs projekte wat in die proses van voltooiing is moniteer en inspekteer.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • In ooreenstemming met die Provinsiale Openbare Vervoer institusionele raamwerk (Provinsiale Volhoubare Vervoer Program). • In ooreenstemming met die Geïntegreerde Vervoerplanne. • Kapasiteit van munisipaliteit om die konstruksie proses te bestuur.
Rede waarom nie in billike deel ingelyf	Finansiële bystand in terme van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009.
Vorige prestasie	Nuwe oordrag
Geprojekteerde tydsduur	Eindigend Junie 2017.
MTUR-toewysings	2016/17: R4 miljoen
Betalingskedere	Eenmalig, derde kwartaal.
Verantwoordelikhede van die Provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordraggewende beampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bewerkstellig oordragbetalings. • Voldoen aan ooreenkomste. • Voldoen aan departementele standaarde. • Goedkeuring of verwerping van kontraktuele variasie bestellings. • Evalueer verslae. • Uitvoer van terreinbesoeke. • Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikate. <p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voldoening aan departementele standaarde. • Voldoen aan ooreenkomste. • Indien van vereiste verslae. • Indien van geouditeerde finansiële jaarstate. • Verskaf Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikate.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysings	Projek toekennings word geïdentifiseer en geprioritiseer ten opsigte van die Provinsiale Openbare Vervoer Institusionele Raamwerk (Provinsiale Volhoubare Vervoer Program) en Omvattende Geïntegreerde Vervoer Planne.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC2	WC024	Stellenbosch	4 000
TOTAAL				4 000

MUNISIPALE DIENSLEWERING EN KAPASITEITSBOUTOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
Strategiese doelwit	Om munisipale dienslewering en kapasiteitsbou te versterk en om munisipaliteite in staat te stel om hul eie sake te bestuur, hul magte uit te oefen en funksies te verrig soos deur die plaaslike regering wetgewing voorgeskryf word.
Doel van toekenning	Om finansiële bystand aan munisipaliteite te verskaf ten einde die algehele infrastruktuur, stelsels, strukture, korporatiewe regeringsbestuur, dienslewering te verbeter en instutisionele uitdagings aan te spreek.
Uitkomste-verklarings	Oorhoofse uitkoms: <ul style="list-style-type: none"> • Verbeter die kapasiteit van munisipaliteite om dienste te lewer; • Versterk infrastruktuur, prosesse, stelsels en strukture; • Verbeter die korporatiewe regeringsbestuur in munisipaliteite; • Verbeter die munisipaliteit se volhoubaarheid; • Verhoog dienslewering doeltreffendheid winste; • Om koste-effektiewe dienslewering te bereik soos voorgestel deur spesifieke strategiese doelwitte wat uiteengesit word in the Munisipale Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne; en • Om munisipaliteite in staat te stel om te voldoen aan die wetlike vereistes in the maksimalisering van doeltreffendheid winste.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde infrastruktuur, stelsels, strukture en prosesse. • Verbeterde vlak van korporatiewe regering. • Skakelings tussen munisipale strategieë en stelsels, prosesse en strukture. • Verbeterde produktiwiteit en dienslewering.
Prioriteitsuitkoms(te) van regering waartoe hierdie toekenning hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning. • Nasionale Uitkoms 9: Bou responsiewe, aanspreeklike, effektiewe en doeltreffende stelsel van plaaslike regering.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Deur steun aan munisipaliteite te verleen om hul bestuur reëlings te versterk. • Deur steun aan munisipaliteite te verleen om hul infrastruktuur te verbeter en dienslewering te versterk. • Om te verseker dat munisipaliteite aan wetgewing voldoen. • Om die gebruik van beste praktyke te bevorder.

MUNISIPALE DIENSLEWERING EN KAPASITEITSBOUTOEKENNING	
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Munisipaliteite moet geloofwaardige besigheidsplanne voorlê aan die Departement van Plaaslike Regering wat die verwagte uitsette en uitkomste moet aanspreek met gedetailleerde begrotings en planne. • Besigheidsplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering goedgekeur word voordat oordragte geskiet. • Besigheidsplanne moet geëvalueer word volgens die onderstaande kriteria: <ul style="list-style-type: none"> – Is die projek gekoppel aan die munisipale GOP. – Word verantwoordelikhede aan spesifieke amptenare geallokeer in die gedetailleerde aktiwiteit skedule met sperdatums vir implementering. – Word totale geprojekteerde koste van projekte in besigheidsplan aangebring. • Die oordragte is gebaseer op die beginsel van mede-befondsing van projekte in munisipaliteite. • Kwartaallikse vorderingsverslae moet aan die Departement van Plaaslike Regering verskaf word.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Besigheidsplan moet ingedien te word deur die individuele munisipaliteite en deur die departement goedgekeur word. • 'n Oordrag betalingsooreenkoms tussen die departement en die individuele begunstigde munisipaliteite sal onderteken word.
Rede waarom nie by ekwifiteitsaandeel ingelyf nie	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander interregeringskakeling, byvoorbeeld die Munisipale Staatsbestuur Oorsig en Vooruitsigte, Streeksbestuurspanne, Plaaslike Regering se Omdraai Strategie, Plaaslike Regering se Mediumtermyn-uitgawekomitee, ens.
Vorige prestasie	2013/14: R4 miljoen 2014/15: R18.250 miljoen 2015/16: R11.877 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	Projek sal jaarliks hersien word.
MTUR-toewysings	2016/17: R15.286 million miljoen
Betalingskedule	Oordrag betaling aan die munisipaliteit in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en munisipaliteit.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die oordraggewende beampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Raadpleeg betrokke munisipaliteit. • Oorweeg besigheidsplanne en keur dit goed. • Stel 'n oordrag betalingsooreenkoms op, sirkuleer dit en verseker dat munisipaliteite dit onderteken en aan die departement terugstuur. • Stel 'n beheerkomitee saam wat die program (uitsette en die beoogde uitkomste) sal bestuur en monitor. • Monitor uitvoering van die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> – Kwartaallikse uitgawe- en vorderingsverslae deur ontvangende munisipaliteite; en – Kwartaallikse beheerkomitee vergaderings.

MUNISIPALE DIENSLEWERING EN KAPASITEITSBOUTOEKENNING	
	<p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding van geloofwaardige besigheidsplanne . • Kwartaallikse verslae oor vordering en besteding soos in die oordrag betalingssooreenkoms uiteengesit, in te dien. • Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op die hoogste vlak van gesag. • Verseker die raad se steun vir die program.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysings	<ul style="list-style-type: none"> • Indiening van besigheidsplanne. • Areas van ondersteuning soos geïdentifiseer in geskeduleerde plaaslike regerings interaksie.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC1	WC011	Matzikama	1 541
B	DC1	WC012	Cederberg	1 750
B	DC1	WC013	Bergrivier	3 000
B	DC2	WC022	Witzenberg	2 200
B	DC2	WC025	Breedevallei	100
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	200
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	750
B	DC3	WC034	Swellendam	450
C	DC3	DC3	Overberg	400
B	DC4	WC041	Kannaland	1 395
B	DC4	WC042	Hessequa	200
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	2 300
B	DC4	WC047	Bitou	700
B	DC5	WC051	Laingsburg	300
TOTAAL TOEGEWYS ^{Nota}				15 286

^{Nota} TOTAAL TOEGEWYS	Munisipale Dienslewering en Kapasiteitsbutoekenning
	Munisipaliteit Finansiële Jaar
	2016/17 Toekenning (R'000)
Die totaal sluit die bedrag R6.304 miljoen in wat 'n gedeelte van die ontoegewyste bedrag van R8.044 miljoen is wat aangedui was in die Staatskoerant nr. 7576 onder Munisipale Dienslewering en Kapasiteitsbutoekenning.	15 286

PLAASLIKE REGERING GEGRADUEERDE INTERNSKAPTOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
Strategiese doelwit	<p>Om munisipale dienslewering en kapasiteitsbou te versterk en te verbeter om munisipaliteite in staat te stel om hul eie sake te bestuur, om hul eie magte uit te oefen en om hul funksies te verrig, soos voorgeskryf deur plaaslike regering wetgewing.</p> <p>Om die tekort in administratiewe en institusionele kapasiteit aan te spreek deur geleenthede te skep vir jong werklose gegradueerdes om sodoende praktiese werksopleiding op te doen en terselfdertyd kapasiteitstekorte by munisipaliteite aan te spreek.</p>
Doel van toekenning	Om finansiële bystand aan munisipaliteite te voorsien ter ondersteuning van kapasiteitsbou vir die toekoms deur middel van 'n internskap program.
Uitkomst-verklarings	<p>Oorhoofse uitkoms:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbeter die vermoë van munisipaliteite om dienste te lewer; • Om die institusionele kennis aan die interns oor te dra; • Maksimalisering van doeltreffendheid winste wat deur die internskap program versamel is; en • Bydrae tot die toekomstige volhoubaarheid van die munisipaliteite deur in menslike hulprone te belê.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Kapasiteer gegradueerde interns wat tegnies gereed sal wees om geabsorbeer te word deur die Munisipaliteit. • Verbeter die vermoë van die Munisipaliteit om deurlopende dienslewering te verseker.
Prioriteitsuitkoms(te) van regering waartoe hierdie toekenning hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSG) 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning. • Nasionale Uitkoms 9: Bou 'n responsiewe, aanspreeklike, effektiewe en doeltreffende stelsel van plaaslike regering.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Geen besigheidsplan word benodig.</p> <p>Die munisipale internskap aansoek moet die volgende insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Jong gegradueerdes wat NKR 6 kwalifikasie voltooi het (Graad of Nasionale Diploma) in die laaste 3 jaar (2014 - 2016) deur 'n hoër onderwys instituut. • Applikant moet woonagtig wees in munisipale gebied.
Voorwaardes	Munisipaliteite moet die gekose intern se curriculum vitae voorsien sowel as 'n brief wat die metode van werwing uitspel.
Toewysingskriteria	'n Oordragbetaling Ooreenkoms (TPA) sal onderteken word tussen die departement en die individuele begunstigde munisipaliteite.
Rede waarom nie by ekwiviteitsaandeel ingelyf nie	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander interregeringskakeling, byvoorbeeld die Munisipale Bestuur oorsig en Vooruitsigte streeks bestuursplan, Plaaslike Regering omkeerstrategie, Plaaslike Regering Mediumtermyn-uitgaweraamwerk Komitee, ens.
Vorige prestasie	Nuwe toekenning
Geprojekteerde tydsduur	Projek sal jaarliks hersien word.

PLAASLIKE REGERING GEGRADUEERDE INTERNSKAPTOEKENNING	
MTUR-toewysings	2016/17: R1.740 miljoen
Betalingskedule	Oordragbetaling aan die munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en munisipaliteit.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die oordraggewende beampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Raadpleeg relevante munisipaliteite. • Oorweeg munisipale internskap aansoek. • Opstel en sirkuleer die Oordragbetaling Ooreenkoms (TPA) en verseker dat munisipaliteite dit teken en na die departement terug stuur. • Koördineer induksie program vir nuut aangestelde interns. • Koördineer opleiding vir genomineerde mentore van interns. • Monitering van die uitvoering van die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> – Kwaartaallike uitgawes en vorderingsverslae deur die ontvangende munisipaliteite. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werwing en keuring van interns. • Verseker raad se ondersteuning vir die program. • Nomineer mentore om deel te neem aan die gegradueerde internskapprogram. • Berei 'n ontwikkelingsplan vir die intern voor. • Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op die hoogste vlak van gesag. • Berei internskap aansoek voor.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toekenning	Voorlegging van interne werwingsproses.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC1	WC011	Matzikama	60
B	DC1	WC012	Cederberg	60
B	DC1	WC013	Bergrivier	60
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	60
B	DC1	WC015	Swartland	60
C	DC1	DC1	Weskus	60
B	DC2	WC022	Witzenberg	60
B	DC2	WC023	Drakenstein	60
B	DC2	WC024	Stellenbosch	60
B	DC2	WC025	Breedevallei	60
B	DC2	WC026	Langeberg	60
C	DC2	DC2	Kaapse Wynland	60

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	60
B	DC3	WC032	Overstrand	60
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	60
B	DC3	WC034	Swellendam	60
C	DC3	DC3	Overberg	60
B	DC4	WC041	Kannaland	60
B	DC4	WC042	Hessequa	60
B	DC4	WC043	Mosselbaai	60
B	DC4	WC044	George	60
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	60
B	DC4	WC047	Bitou	60
B	DC4	WC048	Knysna	60
C	DC4	DC4	Eden	60
B	DC5	WC051	Laingsburg	60
B	DC5	WC052	Prins Albert	60
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	60
C	DC5	DC5	Sentrale Karoo	60
TOTAAL TOEGEWYS <small>Nota</small>				1 740

Nota TOTAAL TOEGEWYS	Plaaslike Regering Gegradueerde Internskaptoekenning
	Munisipaliteit Finansiële Jaar
	2016/17 Toekenning (R'000)
Die totaal is 'n gedeelte van die ontoegewyste bedrag van R8.044 miljoen wat aangedui was in die Staatskoerant nr. 7576 onder Munisipale Dienslewering en Kapasiteitsbutoekenning.	1 740

MUNISIPALE ELEKTRIESE MEESTER PLAN TOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
Strategiese doelwit	Bepanning vir munisipale elektriese infrastruktuur met die doel om toegang tot munisipale dienste te verhoog.
Doel van toekenning	Finansiële bystand aan munisipaliteite om doeltreffende funksionering van munisipale elektriese infrastruktuur te verseker en om die voorsiening van basiese elektrisiteit aan inwoners te verbeter.
Uitkomste-verklarings	Verbeterde funksionering van munisipale elektriese infrastruktuur en toegang tot basiese elektrisiteit vir inwoners.
Uitsette	Elektriese Meester Planne
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale Strategiese Doel 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Strategiese Doel 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning. • Nasionale Uitkoms 9: Bou 'n ontvanklike, aanspreeklike, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Hierdie toekenning gebruik die templaot/raamwerk wat deur die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is en moet 'n projek implementeringsplan hê wat die onderstaande beklemtoon:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omvang van projek • Spesifikasie van tegniese ontwerp • Uitset indikatort • Uitkomste • Sleutelaktiwiteite • Implementering strategie • Tydraamwerke • Kontantvloei • Monitering en verslagdoening
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Munisipaliteite moet geloofwaardige besigheidsplanne voorsien aan die Departement van Plaaslike Regering wat verwagte uitsette en uitkomste moet aanspreek met gedetailleerde begrotings en planne. • Besigheidsplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering goedgekeur word voor oordragte gemaak word en reëlins rondom betalings getref word. • Die toekenning mag alleenlik gebruik word vir die projekte soos vervat in die goedgekeurde besigheidsplan. • Deursigtige en billike vekrygingsprosesse moet aan die MFMA voldoen. • Gepaste finansiële en nie-finansiële prestasieverslae moet aan die departement voorsien word. • Die oordragte is gebaseer op die beginsel van mede-befondsing deur munisipaliteite.

MUNISIPALE ELEKTRIESE MEESTER PLAN TOEKENNING	
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Besigheidsplan moet deur individuele munisipaliteite voorsien word en goedgekeur word deur die departement. • 'n Oordrag-betalingsooreenkoms (OBO) sal geteken word tussen die departement en die individuele munisipaliteite.
Rede waarom nie in ekiteiteitsaandeel ingelyf	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander interregering skakelings, bv. MGRO, RMT, LGMTEC, ens.
Vorige prestasie	Nuwe toekennings
Geprojekteerde tydsduur	2016/17: MTUR-periode
MTUR-toewysings	2016/17: R1.330 miljoen
Betalingskedere	Oordragbetalings aan munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en munisipaliteite. Oordragte sal plaasvind voor 31 Maart 2017.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Konsulteer met relevante munisipaliteite. • Oorweeg en keur besigheidsplanne goed. • Skryf en sirkuleer die Oordrag-betalingsooreenkoms (OBO) en verseker dat munisipaliteite teken dit en besorg dit terug aan die departement. • Genotuleerde vergaderings wat monitering en bestuur van die programme (uitsette en verwagte uitkomst) sal ondersteun soos en wanneer benodig. • Moniteer die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> – Uitgawe en vorderingsverslae deur munisipaliteite wat fondse ontvang. <p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Berei geloofwaardige besigheidsplanne voor wat in lyn is met die uitsette en uitkomstes. • Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op hoogste vlak. • Verkry die Raad se ondersteuning vir die program. • Voorlegging van finansiële en nie-finansiële prestasieverlae.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysing	<ul style="list-style-type: none"> • Voorlegging van besigheidsplanne. • Identifiseer ondersteuning deur geskeduleerde plaaslike regering skakelings.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	500
B	DC3	WC034	Swellendam	350
B	DC4	WC044	George	230
B	DC5	WC051	Laingsburg	250
TOTAAL				1 330

BRANDWEER KAPASITEITSBOU TOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
Strategiese doelwit	Om munisipaliteite daarin te ondersteun om omvattende brandweerdienste te lewer wat gemeet kan word teenoor nasionale maatstawwe en standaarde.
Doel van toekenning	Om finansiële bystand aan munisipaliteite te verleen om funksionele noodkommunikasie, mobilisering en brandweer dienslewering te verseker.
Uitkomste-verklaring	<p>Vestiging van noodkommunikasie en mobiliseringstelsel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbeter noodkommunikasie stelsels asook effektiewe dienslewering. • Verminder mobilisering en reaksie tye na brande en ander noodgevalle. <p>Aankoop van brandweer toestel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbeter brandbestrydings vermoë asook effektiewe dienslewering. • Verminder mobilisering en reaksie tye na brande en ander noodgevalle. <p>Vestiging van gevaarhoudende insident reaksie vermoë</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde vermoë om gevaarhoudende insidente op hoofroetes en in groter dorpe te hanteer. <p>Algemene uitkomste</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde brandweer dienslewering. • Optimale benutting van skaars hulpbronne. • Verbeterde begrip van werksvereistes.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Doeltreffende en effektiewe brandweerdienste. • Verbeterde organisatoriese prestasie.
Prioriteitsuitkoms(te) van regering waartoe hierdie toekenning hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning. • Nasionale Uitkoms 9: Bou 'n responsiewe, aanspreklike, effektiewe en doeltreffende stelsel van plaaslike regering.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Hierdie toekenning gebruik die patroon/raamwerk wat deur die Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is en wat moet insluit 'n projek-implementeringsplan wat die onderstaande beklemtoon:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omvang van projek • Spesifikasies van tegniese ontwerp • Uitsetaanwysers • Uitkomste • Sleutelaktiwiteite • Implementeringstrategie • Tydraamwerke • Kontantvloei • Monitering en verslagdoening

BRANDWEER KAPASITEITSBOU TOEKENNING	
Voorwaardes	<p>Van toepassing op munisipaliteite:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geloofwaardige besigheidsplanne moet by die Departement van Plaaslike Regering indien word. • Besigheidsplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering goedgekeur word. • Besigheidsplanne moet geëvalueer word volgens voorafbepaalde kriteria. • Projek implementeringsplan • Monitering- en Evalueringsplan. • Kwartaallikse vorderingsverslae aan die Departement van Plaaslike Regering.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Besigheidsplan moet deur individuele munisipaliteite ingedien word en deur die departement goedgekeur word. • 'n Oordragbetalingsooreenkoms (OBO) sal tussen die departement en die individuele begunstigde munisipaliteite onderteken word.
Rede waarom nie by ekwifiteitsaandeel ingelyf nie	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander interregeringskakelings. Byvoorbeeld, die Munisipale Governance Review en Outlook, Streeksbestuursplanne, Back to Basics, Plaaslike Regering se Mediumtermyn-uitgawekomitee, ens.
Vorige prestasie	2015/16: R500 000
Geprojekteerde tydsduur	2016/17: MTUR-tydperk
MTUR-toewysings	2016/17: R9.800 miljoen
Betalingskedule	Oordragbetalings aan die munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en munisipaliteit.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Raadpleeg die betrokke munisipaliteite. • Oorweeg besigheidsplanne en keur dit goed. • Stel 'n oordrag betalingsooreenkoms op en sirkuleer dit. Verseker dat munisipaliteite dit onderteken en aan die departement terugstuur. • Stel 'n beheerkomitee saam wat die program (uitsette en die beoogde uitkomst) sal bestuur en moniteer. • Moniteer die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> - Kwartaallikse uitgawe- en vorderingsverslae - Kwartaallikse beheerkomitee vergadering <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Munisipaliteite moet verseker dat die bogenoemde voorwaardes nagekom word. • Indiening van kwartaallikse beskrywende en finansiële verslae binne 7 dae ná die einde van elke kwartaal by die oordraggewende provinsiale beampte.

BRANDWEER KAPASITEITSBOU TOEKENNING				
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysings		Nie van toepassing.		
Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC2	WC025	Breedevallei	1 500
B	DC3	WC032	Overstrand	1 200
C	DC3	DC3	Overberg	2 200
B	DC4	WC042	Hessequa	1 200
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	1 200
B	DC4	WC048	Knysna	1 200
C	DC5	DC5	Sentrale Karoo	1 300
TOTAAL				9 800

MUNISIPALE DROOGTE ONDERSTEUNINGSFONDS	
Oordraggewende provinsiale departement	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
Strategiese doelwit	Ontwikkeling van munisipale water infrastruktuur met die doel om watervoorsiening in droogtegeteisterde munisipaliteite uit te brei.
Doel van toekenning	Finansiële hulp om watervoorsiening uit te brei aan droogtegeteisterde munisipaliteite.
Uitkomste-verklarings	Om watervoorsiening te verseker.
Uitsette	Verhoogde voorsiening van water in droogtegeteisterde dorpe.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale Strategiese Doel 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Strategiese Doel 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning. • Nasionale Uitkoms 9: Bou 'n ontvanklike, aanspreeklike, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel.
Besonderhede vervat in implementeringsplan	<p>Hierdie toekenning gebruik die templaaf/raamwerk wat deur die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is en moet 'n projek implementeringsplan hê wat die volgende bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omvang van projek • Spesifikasie van tegniese ontwerp • Uitset indikatore • Uitkomste • Sleutelaktiwiteite • Implementering strategie • Tydraamwerke • Kontantvloei • Monitering en verslagdoening
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Munisipaliteite moet geloofwaardige besigheidsplanne voorsien aan die Departement van Plaaslike Regering wat verwagte uitsette en uitkomste moet aanspreek met gedetailleerde begrotings en planne. • Besigheidsplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering goedgekeur word voor oordragte gemaak word en reëlins rondom betalings getref word. • Die toekenning mag alleenlik gebruik word vir die projekte soos vervat in die goedgekeurde besigheidsplan. • Deursigtige en billike vekrygingsprosesse moet aan die MFMA voldoen. • Gepaste finansiële en nie-finansiële prestasieverlae moet aan die Departement voorsien word. • Die oordragte is gebaseer op die beginsel van mede-befondsing deur munisipaliteite.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Besigheidsplan moet deur individuele munisipaliteite voorsien word en goedgekeur word deur die departement. • 'n Oordrag-betalingsooreenkoms (OBO) sal geteken word tussen die Departement en die individuele munisipaliteite.
Rede waarom nie in	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander

MUNISIPALE DROOGTE ONDERSTEUNINGSFONDS	
ekiteitsaandeel ingelyf	tussenregeringsamesprekings, bv. MGRO, RMT, LG MTEC, ens.
Vorige prestasie	Nuwe toekenning
Geprojekteerde tydskuur	2016/17: MTUR-periode
MTUR-toewysings	2016/17: R9.000 miljoen
Betalingskedule	Oordragbetalings aan munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die Departement en munisipaliteite.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Konsulteer met relevante munisipaliteite. • Oorweeg en keur besigheidsplanne goed. • Skryf en sirkuleer die Oordrag-betalingsooreenkoms (OBO) en verseker dat munisipaliteite teken en dit terugbesorg aan die departement. • Genotuleerde vergaderings wat monitering en bestuur van die programme (uitsette en verwagte uitkomst) sal ondersteun soos en wanneer benodig. • Moniteer die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> - Uitgawe en vorderingsverslae deur munisipaliteite wat fondse ontvang. <p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Berei geloofwaardige besigheidsplanne voor wat in lyn is met die uitsette en uitkomstes. • Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op hoogste vlak. • Verkry die Raad se ondersteuning vir die program. • Voorlegging van finansiële en nie-finansiële prestasieverlae.
Proses vir goedkeuring van 2017/18-boekjaar toewysing	<ul style="list-style-type: none"> • Voorlegging van besigheidsplanne. • Identifiseer ondersteuning deur geskeduleerde plaaslike regeringsverslae.

Kategorie	Distriks-Munisipaliteit	Nommer	Munisipaliteit	2016/17 Toekenning R'000
B	DC1	WC012	Cederberg	1 850
B	DC1	WC013	Bergrivier	1 850
B	DC2	WC022	Witzenberg	2 000
B	DC4	WC042	Hessequa	1 000
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	1 000
B	DC5	WC051	Laingsburg	500
B	DC5	WC052	Prins Albert	500
B	DC5	DC5	Sentrale Karoo	300
TOTAAL				9 000

Kategorie	DR	Nommer	Munisipaliteit	Groot totaal: Toekennings	
				Provinsiale Finansiële Jaar	Munisipale Finansiële Jaar
				2016/17 Toekenning (R'000)	2016/17 Toekenning (R'000)
Wes-Kaap					
A	Kaapstad		Stad Kaapstad	15 506	15 506
B	DC1	WC011	Matzikama	1 821	1 821
B	DC1	WC012	Cederberg	20 895	20 895
B	DC1	WC013	Bergrivier	4 910	4 910
B	DC1	WC014	Saldanhaabaai	1 780	1 780
B	DC1	WC015	Swartland	350	350
C	DC1	DC1	Weskus	1 230	1 230
Totaal: Weskus Distrik				30 986	30 986
B	DC2	WC022	Witzenberg	(5 520)	(5 520)
B	DC2	WC023	Drakenstein	(13 177)	(13 177)
B	DC2	WC024	Stellenbosch	4 280	4 280
B	DC2	WC025	Breedevallei	9 894	9 894
B	DC2	WC026	Langeberg	280	280
C	DC2	DC2	Kaapse Wynland	980	980
Totaal: Kaapse Wynland Distrik				(3 263)	(3 263)
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	480	480
B	DC3	WC032	Overstrand	1 310	1 310
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	(8 470)	(8 470)
B	DC3	WC034	Swellendam	1 080	1 080
C	DC3	DC3	Overberg	4 550	4 550
Totaal: Overberg Distrik				(1 050)	(1 050)
B	DC4	WC041	Kannaland	21 675	21 675
B	DC4	WC042	Hessequa	2 590	2 590
B	DC4	WC043	Mosselbaai	3 680	3 680
B	DC4	WC044	George	70 510	70 510
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	5 680	5 680
B	DC4	WC047	Bitou	980	980
B	DC4	WC048	Knysna	1 260	1 260
C	DC4	DC4	Eden	410	410
Totaal: Eden Distrik				106 785	106 785
B	DC5	WC051	Laingsburg	1 830	1 830
B	DC5	WC052	Prins Albert	1 696	780
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	9 180	9 180
C	DC5	DC5	Sentrale Karoo	3 480	3 480
Totaal: Sentrale Karoo Distrik				16 186	16 186
Ander (Ontoegewys)					
TOTALE TOEKENNINGS				165 150	165 150
Fondse deur die Departement weerhou ^{Nota}				(2 500)	(2 500)
GROOT TOTAAL				162 650	162 650

Nota Fondse deur die Departement weerhou	Departement van Menslike Nedersettings	
	Provinsiale Finansiële Jaar	Munisipale Finansiële Jaar
	2016/17 Toekennings (R'000)	2016/17 Toekennings (R'000)
Departementele prioriteitsprojekte (Allokeer R2.5 miljoen aan munisipaliteite en R17.209 aan OPSCAP)	(19 709)	(19 709)
OPSCAP - die totale hersiene OPSCAP bedrag vir 2016/17 is R100.041 miljoen wat die herallokeerde bedrag van R17.209 miljoen insluit vanaf departementele prioriteitsprojekte. Dit sluit ook die volgende oorspronklike OPSCAP bedrae in wat gepubliseer was in Staatskoerant nr. 7576:	17 209	17 209
R71.332 miljoen (OPSCAP bedrag onder Menslike nedersettingsontwikkelingstoekenning (Begunstigdes))		
R10.000 miljoen (OPSCAP bedrag onder Munisipale Akkreditering ondersteuning toekenning)		
R1.500 miljoen (OPSCAP bedrag onder Menslike nedersettings bestandfonds)		
Totaal	(2 500)	(2 500)

